Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

27 September 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar: **Marcel Floor 0828285811**
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad: www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Aileen Gouws – 082 333 1333
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404
Koster: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Tydelike epos: admin@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: ***BLOK D***
Kollekte ONDER DIENS: **Barmhartigheid (diakonie rekening)**
Kollekte by DEURE: **Kerkkas (kerkkas rekening)**

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Sustentasie, ens.) ***EN ALLE MAANDELIKSE LIDMAAT BYDRAES***
Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238
Verw: Kollekte Barmhartigheid

Woordbediening

Rut 1:1-7, 14-21, 2:1-7, 17-21, 3:1-5, 4:13-17 (83 AV)
Fokusverse: Rut 1:16-17, 2:2, 3:1, 4:16-17 & (83 AV)

TEMA

God bring nuwe lewe deur doodsituasies heen, maar jy het ook 'n verantwoordelikheid!

Inleiding:

1. Soms kan dit vir ons voel of ons lewe in 'n doodloopstraat gekom het...

A.

1. Die boek Rut begin deur vir ons 'n desperate doodloopstraat-situasie te skets. (Rut 1:1-5)
2. God regeer, en Hy bring in hierdie doodsituasie uitkoms van die hongersnood. (Rut 1:6)
3. God bring ook elders in 'n doodsituasie sprankelende nuwe lewe – in Rut se hart! (Rut 1:16-17)
4. Tog lyk hierdie twee vroue se fisiese lewensomstandighede op hierdie stadium stééds na 'n doodloopstraat, al is daar 'n einde aan die hongersnood en al is daar geestelike lewe... (Rut. 1:20-21)
5. Nou is dit baie belangrik om te sien hoe Rut en Naomi en Boas as gelowiges, in hierdie donker situasie optree:
    a. Rut sit nie en wag vir kos nie, maar neem inisiatief en verantwoordelikheid, en daarop volg die seën van die Here. (Rut 2)
    b. Naomi sit ook nie en wag dat daar eendag 'n man vir Rut opdaag nie, maar maak allerlei slim planne, en daarop volg die seën van die Here. (Rut 3)
    c. Boas gaan na die stadspoort en sit die regsproses aan die gang, om uitsluitsel oor 'n huwelik met Rut te kry, en daarop volg die seën van die Here. (Rut 4)
    d. God se plan en wil is nie in stryd met mense se verantwoordelikheid nie, maar komplementeer dit juis!

6. Die uiteinde van dit alles is dat Rut en Naomi nie net kos kry nie, maar Rut kry ook ’n man... sy en Boas trou! (Rut 4:13)
    a. Daar word ook ’n klein seuntjie vir hulle gebore, Obed. (Rut 4:13&17)
7. Obed is die oupa van koning Dawid, uit wie se nageslag Jesus gebore word. (Rut 4:22, Matt. 1:1-17)
    a. Deur Jesus bring God nuwe lewe in jou grootste doodsituasies en doodloopstrate!
    b. Sien jy God se groter plan in die geskiedenis van Rut en Naomi, ook met jou lewe?

Slot: Samevattend

Jy kan vir die volgende mense bid en bystaan:

- **Das Beer is in die hospitaal opgeneem**
- **Nic Claassen se gesondheid**
- **Ons dink ook steeds aan Frieda JV Vuuren en haar gesondheid**

VERJAARSDAE

Verjaar				Landlyn	Selfoon
09/28	Das	Beer	Belydend	814723334	0814723334
09/28	Suzanne	Van Dyk	Belydend	0169736118	0723709394
09/29	Ovid	Olwagen	Belydend	0169733609	0834574526
10/02	Johan	Hamman	Belydend	0169762443	0842591959
10/02	Naomi	Koen	Belydend	0169339831	0823010806
10/02	Anna	Van Rooy	Belydend	0169761810	

GK SASOLBURG GROENTETUIN!

Dis maar net een van die vele bondels spinasie wat Sybrandt ge-oes het in die kerk se groente tuin! Daar was ook pragtige, smaaklike wortels en beet gedurende grendeltyd uitgedeel aan 'n paar gesinne. Ons wil net vir Sybrandt hartlike dankie sê vir sy moeite en toewyding met die tuin! En as enige iemand gewonder het of daar wel iets van kom, beslis ja!

KINDERKERK

Liewe gemeente en kinderkerk maats, onthou julle die vinger gebed wat so paar weke gelede in die Iets Nuuts blaadjie was?.... kom ons bid die ringvinger van die linker hand sommer almal vandag saam. “PRAAT MET GOD OOR WAT HY VIR MY IN DIE BYBEL GESê HET”

*Ons kan tot God bid en dan gebruik ons Bybelverse wat ons vir Hom terug sê in ons gebed.
*Ons bid en voorveronderstel die beloftes van God; dat hy belowe het dat Hy sal luister.
*Dit kan partykeer soos 'n ydele herhaling van woorde voel, waarteen Matthéüs 6:7 waarsku.
*Wanneer 'n mens die Woord bid en die verse oordink en jou eie maak, word dit nie ‘n ydele herhaling van woorde nie.
*Vra ook in die gebed dat God die woorde van die Bybel so vir jou sal laat diep verstaan, dat dit uit die Woord, maar terselfde tyd uit ons hart kan kom

Efesiers 3 vers 19: Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Onse Vader, ons bid vandag dat ons gemeente U liefde sal ken, dat dit ons heeltemal sal vervul en ook dat ons met U volheid vervul sal wees.
Here, leer ons asb ook wat dit beteken om vervul te wees met die volheid van U.
Amen.